Die leerder sal in staat wees om: (1) al die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die sentralsenustelsel toe te pas en in verband te bring met die onderskeie psigiatriese en neurologiese siektetoestande; (2) die farmakologie van opioïedanalgetika, lokaalanestetika en algemene anestetika te kan toepas en integreer, (3) sy/haar farmakologiese kennis toe te pas by geneesmiddelseleksie van die verskillende siektetoestande van die sentrale sensustelsel; (4) 'n basiese kennis te demonstreer van die psigopatologie van die verskillende psigiatriese steurnisse asook die toepaslike hantering van en kommunikasie met pasiënte met 'n afhanklikheidsprobleem en psigosomatiese siektes; en (5) 'n basiese kennis van die simptome en tekens van enkele neurologiese toestande (hoofpyne, migraine, epilepsie en Parkinsonisme) te vertoon, (6) riglyne vir verwysing van veral hoofpyne te kan gee, (7) Inligting uit beskikbare bronne te ontsluit, (8) sinvol met ander professies in die gesondheidsplan en die publiek oor die verskillende farmakologiese onderwerpe te kommunikeer en advies te lewer en (9) sensitiwiteit en insig te toon in etiese aspekte rakende bg. farmakologiese onderwerpe.

**FKTG321: FARMAKOLOGIE EN TERAPIE IV**

**(Insluitende praktykopleiding)**

Pk 1 x 3 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om: (1) 'n grondige insig en kennis te demonstreer van die farmakologiese en farmakoterapeutiese beginsels wat toepassing vind in die chemoterapie van neoplastiese en infeksietoestande en die terapie van dermatologiese siektetoestande; (2) simptome en tekens van spesifieke vel- en infeksietoestande te interpreteer, differensiële diagnoses te kan maak en die riglyne vir verwysing te kan gee; (3) 'n basiese kennis oor immunisasie en immunisasie skedules te demonstreer en advies daaroor te kan lewer; (4) inligting uit beskikbare bronne te ontsluit; (5) sinvol met ander professies in die gesondheidsplan en die publiek oor die onderskeie farmakologiese onderwerpe te kommunikeer en advies te lewer en (6) sensitiwiteit en insig te toon in etiese aspekte rakende bg. farmakologiese onderwerpe.

**FKTG411: FARMAKOLOGIE EN TERAPIE V**

Pk 1 x 3 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om: (1) al die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die endokrienestelsel toe te pas en in verband te bring met die onderskeie endokriene siektetoestande en geneesmiddelseleksie soos wat verlang word by die farmakoterapie van hierdie siektetoestande; (2) duidelik te kan onderskei tussen simptome en tekens van spesifieke siektetoestande, spesiale ondersoekes kan aanbeveel waar nodig en die riglyne vir verwysing kan weergee; (3) advies te lewer oor die beginsels en tegnieke van gesinsbeplanning; (4) kennis oor die basiese farmakokinetiese en farmakodinamiese prosesse toe te pas in bepaalde pasiëntpopulasies; (5) al die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die hemopoïetiese en die spysverteringstelsel toe te pas en te integreer; (6) jou farmakologiese kennis en insig wat jy opgedoen het tydens jou afgelope studie in Farmakologie en Terapie op 'n geïntegreerde wyse toe te pas by geneesmiddelseleksie soos wat verlang word by die farmakoterapie van al die onderskeie siektetoestande; (7) inligting uit beskikbare bronne te ontsluit; (8) sinvol met ander professies in die gesondheidsplan en die

publiek oor die verskillende farmakologiese onderwerpe te kommunikeer en advies te lewer en (9) sensitiviteit en insig te toon in etiese aspekte rakende die farmakologiese onderwerpe.

### **G.13.2.7.3 FARMASEUTIKA**

#### **FMLG221: INLEIDENDE BIOFARMASEUTIKA EN FARMAKODINAMIKA**

Pk 1 x 2 uur 60 : 40

Die leerder sal in staat wees om: (1) die basiese biofarmaseutiese en farmakokinetiese beginsels van geneesmiddelabsorpsie, -verspreiding, -metabolisme en -uitskeiding (ADME) vir die verskillende geneesmiddeltoedieningsroetes te bespreek/verduidelik/beskryf en toe te pas; (2) die faktore wat geneesmiddelabsorpsie vanuit die SVK beïnvloed te bespreek en die basiese beginsels van geneesmiddel-reseptorinteraksies te begryp en toe te pas; (3) die basiese beginsels van transduksiesisteme en die verband met geneesmiddelwerking te begryp en toe te pas.

#### **FMSG211: RESEPTERING EN TOEBEREINDING VAN MEDISYNE**

Pk 1 x 3 uur 60 : 40

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder: (1) 'n basiese kennis van die verskillende doseervorme en toedieningsroetes hê; (2) die basiese tegnieke van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme ken en kan toepas; (3) 'n deeglike kennis toon van die farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme; (4) voorskrifte korrek kan vertolk, interpreteer en resepteer; (5) die belang van fisies-chemiese beginsels in doseervormontwikkeling verstaan en kan verduidelik; (6) fisies-chemiese beginsels in doseervormontwikkeling kan toepas; (7) 'n begrip hê van fisies-chemiese beginsels in die ontwikkeling en werking van geneesmiddels en doseervorme, en (8) die belang van fisies-chemiese beginsels in farmaseutika besef en verstaan.

#### **FMSG311: FARMASEUTIESE DOSEERVORME EN TEGNOLOGIE I**

Pk 1 x 3 uur 60 : 40

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder: (1) oor 'n basiese kennis beskik van die grondbeginsels betrokke by farmaseutiese produkontwikkeling (beplanning- of ontwerp) tot realiteit (die uiteindelige produk of medisyne); (2) oor kennis en vaardighede beskik met betrekking tot produkwaliteit deur die implementering van kwaliteitsversekeringsisteme, kwaliteitskontrolemaatreëls en goeie vervaardigingspraktyke tydens produkvervaardiging en reseptering; (3) individueel of as deel van 'n span die ontwikkeling, vervaardiging, toebereiding, toetsing en verpakking van **orale vaste doseervorme** kan onderneem, beheer, organiseer en kontroleer en (4) in staat wees (oor die nodige kennis, vaardighede, kommunikasievermoë en etiese waardes beskik) om as adviseur op te tree oor die keuse, gebruik en bewaring van die verskillende orale vaste doseervorme ten einde die vereiste uitkoms van geneesmiddel terapie te verseker en 'n wesenlike bydrae te lewer tot die handhawing van produkeffektiviteit en die versekering van pasiëntveiligheid.

#### **FMSG321: FARMASEUTIESE DOSEERVORME EN TEGNOLOGIE II**

Pk 1 x 3 uur 60 : 40

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder: (1) oor kennis beskik aangaande die fisies-chemiese beginsels betrokke by die ontwikkeling van vloeibare doseervorme (orale vloeibare doseervorme en parentale produkte), (2) oor kennis beskik aangaande die formulering, reseptering, hantering en bewaring van **orale vloeibare doseervorme** (3) oor kennis beskik aangaande die beginsels van farmaseutiese mikrobiologie (insluitende die verskillende sterilisasie en aseptiese tegnieke betrokke tydens die produksie en hantering van



steriele doseervorme), en (4) in staat wees (oor die nodige kennis, vaardighede, kommunikasievermoë en etiese waardes beskik) om as adviseur op te tree (vir pasiënte en ander lede van die gesondheidsplan) oor die keuse en gebruik van verskillende genoemde doseervorme ten einde die vereiste uitkoms van geneesmiddel terapie te verseker en 'n wesentlike bydrae te lewer tot die handhawing van produkeffektiwiteit en die versekering van pasiëntveiligheid.

**FMSG411: FARMASEUTIESE DOSEERVORME EN TEGNOLOGIE III**

Pk 1 x 3 uur 60 : 40

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder (1) oor kennis beskik aangaande die voordele, nadele en beperkings van die toediening van geneesmiddels via die volgende roetes: parentaal, rektaal, vaginaal, okulêr, en roeteverwante doseervorme. (2) oor kennis beskik aangaande die produksie (formulering, vervaardiging, evaluering, verpakking), reseptering, hantering en bewaring) van **rektale en vaginale doseervorme; immunologiese en bloedprodukte, farmaseutiese aerosolprodukte, veeartsenymedisynen en steriele doseervorme** en (3) in staat wees (oor die nodige kennis, vaardighede, kommunikasievermoë en etiese waardes beskik) om as adviseur op te tree (vir pasiënt en ander lede van die gesondheidsplan) oor die keuse en gebruik van verskillende genoemde doseervorme ten einde die vereiste uitkoms van geneesmiddel terapie te verseker en 'n wesentlike bydrae te lewer tot die handhawing van produkeffektiwiteit en die versekering van pasiëntveiligheid.

**FMSG421: FARMASEUTIESE DOSEERVORME EN TEGNOLOGIE IV**

Pk 1 x 3 uur 60 : 40

Na afhandeling van hierdie module sal die leerder: (1) oor 'n basiese kennis van toegepaste biofarmaseutika beskik; (2) die biofarmaseutiese faktore van belang by doseervormontwikkeling verstaan, ken en kan toepas; (3) die basiese faktore van belang by die ontwikkeling van veeartsenymedisynen verstaan en ken; (4) die eise wat nuwe generasie geneesmiddels aan doseervormontwikkeling stel, verstaan; (5) 'n grondige begrip hê van die huidige en toekomstige tendense in geneesmiddelaflewering en doseervormontwikkeling; (6) vertrou wees met die vaktaal en terminologie van Farmaseutika en dit kan gebruik; (7) die belang van Farmaseutika in aptekersopleiding verstaan en kan beoordeel en (8) in alle toepassings vanuit 'n suiwer etiese grondslag optree.

**G.13.2.7.4 FARMASEUTIESE EN TERAPEUTIESE SORG**

**PPFG311: KLINIESE PATOLOGIE**

Pk 1 x 3 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om (1) 'n grondige kennis van algemene patologie te demonstreer en (2) om siektetoestande van die verskillende orgaanstelsels te herken en te beskryf.

**PPFG321: GESONDHEIDSKUNDE**

Pk 1 x 3 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om aspekte van gemeenskapsgesondheid, waaronder algemeen-voorkomende siektetoestande wat herken kan word deur die neem van 'n geskiedenis, maar sonder 'n fisiese ondersoek, te kan beskryf aan die hand van simptome, diagnose en behandeling, sodat dit tot die pasiënt se voordeel en in belang van die samelewing kan geskied.

#### **FFFG421: PSGT EN FARMASEUTIESE SORG**

Pk 1 x 3 uur 70 : 30

Die leerder sal in staat wees om: (1) deur middel van anamnese in die apteek, die toepassing van bepaalde kliniese siftingstoetse en fisiese ondersoekmetodes akute siektetoestande te herken, die behandeling van die siektetoestand(e) te evalueer, te inisieer of om die pasiënt te verwys vir toepaslike sorg binne die raamwerk van die moderne farmaseutiese sorg- en praktykbeginsels; en (2) die farmaseutiese sorg beginsels in die praktyk te implimenteer en te bestuur volgens die eenheidstandaarde soos bepaal die die SAAR.

#### **G.13.2.7.5 FARMASIEPRAKTYK**

##### **FGPO271: GESTRUKTUREERDE PRAKTYKOPLEIDING**

Pk

Na voltooiing van die GPO-module in gemeenskaps-en/of hospitaalapteke moet die leerder bewys kan lewer van **blootstelling aan, kennismaking met en waarneming van:** (i) *Produkverskeidenheid*- farmaseutiese produkte en hulle verskillende doseervorme, verpakings en indikasies; (ii) *medisyne-logistiek en wetlike regulering*:- verkryging, bewaring en herverpakking van medisyne) en (iii) *Reseptering van medisyne*:- voorskrifte, toebereiding van medisyne, skedulering, etikettering en advieslewering.

##### **FGPO371: GESTRUKTUREERDE PRAKTYKOPLEIDING**

Pk

Die kandidaat moet na voltooiing van die GPO-module in gemeenskaps-en/of hospitaalapteke bewys kan lewer van **vaardighede en insig met betrekking tot die praktiese toepassing** van teoretiese kennis in die praktyk ten opsigte van: (i) *Produkkeuse*:- farmaseutiese en farmakologiese kennis van farmaseutiese produkte, hulle verskillende doseervorme, indikasies, voor-en nadele.; (ii) *Medisyne-logistiek*:- bestuur van medisyne-logistiek d.w.s. beheer verkryging, bewaring en verspreiding van farmaseutiese materiaal en produkte; (iii) *Reseptering van medisyne*:- Interpretasie van voorskrifte, toebereiding van medisyne, etikettering en advieslewering.); (iv) *Wetlike aspekte van medisyne*:- Insig in implikasies van wetlike aspekte van aptekerswese en medisyne m.b.t. logistiek, reseptering, die apteekperseel, apteker en die pasient; (v) *Klientediens*:- farmaseutiese sorgbeginsels en besigheidsaspekte, asook gemaklike omgang met multikulturele/taal aspekte as deel van kliëntediens en farmaseutiese sorg; (vi) *Etiese aspekte van apteekwese*:- Eties-professionele denke en optrede in bepaalde kontekste.

##### **FGPO471: GESTRUKTUREERDE PRAKTYKOPLEIDING**

Pk

Na voltooiing van die module in een of meer gemeenskaps- en/of hospitaalapteke moet die kandidaat kan demonstreer dat, ten einde doeltreffende farmaseutiese dienste en gunstige medisyne-uitkomst vir pasiënte te verseker, sy / haar **teoretiese kennis en vaardighede ten opsigte van analitiese denke, sintese en probleemoplossing** ten opsigte van die volgende toegepas kan word: (i) *Produkkeuse*:- Seleksie van farmaseutiese en verwante gesondheidsprodukte en gepaste doseervorme met inagneming van logistiese, ekonomiese, farmaseutiese, farmakologiese, patologiese en farmaseutiese sorg-beginsels; (ii) *Medisyne-logistiek*:- Oplos van gevallestudies rondom medisyne-logistiek met inagneming van aanvaarde ekonomiese, farmaseutiese en farmasiepraktykbeginsels; (iii) *Reseptering van medisyne*:- Interpretasie van voorskrifte, voorspelling van middelinteraksies, konsultering en kommunikasie met mediese en ander gesondheidspersoneel, praktiese toebereiding van bepaalde doseervorme, implikasies van etikettering en advieslewering; (iv) *Wetlike aspekte van medisyne*:- Demonstreer insig in die implikasies en noodsaaklikheid van die wette wat

medisynehistories, resepterings, die apteekperseel, apteker en die pasiënt, d.w.s. alle fasette van aptekerswese, reguleer; (v) *Kliëntediens*:- Toepassing van farmaseutiese sorg- en besighedsbeginsels van kliëntediens in 'n multikulturele/samelewing; (vi) *IT en kommunikasievaardighede*:- Aanwending van rekenaar- en Internetvaardighede in effektiewe kommunikasie, bestuur en probleemoplossing en (vii) *Etiese aspekte van apteekwese*:- Uitleef van eties-professionele norme, waardes en optrede in probleemsituasies, asook 'n positiewe houding teenoor die aptekersprofessie.

**FPKG121: INLEIDING TOT MEDISYNEVERSPREIDING**

Pk 1 x 2 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om die rol van die apteker by die voorsiening van farmaseutiese dienste binne die raamwerk van die nasionale medisyne- en gesondheidsbeleid te identifiseer en te bespreek.

**FPKG311: PRAKTYKBESTUUR**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om toepaslike rekenkundige berekeninge en finansiële bestuur te gebruik om die doelstellings van die onderneming te bereik.

**FPKG321: GOEIE APTEEKBESTUUR**

Pk 1 x 3 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om toepaslike wetlike en goeie apteekpraktykbeginsels te identifiseer, te beskryf en in die praktyksituasie toe te pas.

**FPKG421: MEDISYNE-UITKOMSBESTUUR**

Pk 1 x 3 uur 70 : 30

Die leerder sal in staat wees om (1) toepaslike bestuursbeginsels te definieer en in 'n bepaalde praktyksituasie toe te pas; (2) op 'n geïntegreerde wyse te voldoen aan die eenheidstandaarde soos neergelê deur die SAAR vir 'n intreevlak aptekerintern.

**FPKG422: HULPBRONBESTUUR**

Pk 1 x 2 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om die relevante/toepaslike hulpbronne te identifiseer, te bespreek en aan te wend in toepaslike farmaseutiese praktyksituasies.

**FPKG423: GESONDHEIDSORGBESTUUR**

Pk 1 x 2 uur 40 : 60

Die leerder sal in staat wees om binne die raamwerk van die nasionale gesondheidsorg- en medisynebeleid bestuurde gesondheidsnavorsingsleerplan te implimenteer en resultate daarvan te kan rapporteer en interpreteer.

### **G.13.2.8 FISIKA**

#### **FSKN112: FISIKA VIR BIOLOGIE I**

Pk 1 x 2 uur

Aan die einde van hierdie module verstaan die leerder hoe Fisika in natuurwetenskaplike verskynsels, hoofsaaklik uit die Biologiese wetenskappe gekies, optree. Dit word uit die volgende onderwerpe geleer: Newton se bewegingswette, momente, arbeid, energie en drywing met toepassings op die menslike liggaam. Fluïdemeganika, druk, oppervlakspanning, mengsels, diffusie, viskositeit, met toepassings op bloedvloei. Elastisiteit met toepassings op sporttoerusting. Golwe, met toepassings op gehoor. Warmtekapasiteit en warmte-oordrag met toepassings op energie- omsetting in die menslike liggaam. Praktika: vaardighede word in die meet, verwerking, en verslaggewing van natuurwetenskaplike prosesse aangeleer.

#### **FSKN122: FISIKA VIR BIOLOGIE II**

Pk 1 x 2 uur

Hierdie module volg op FSKN112. Aan die einde van hierdie module het die leerder geleer hoe Fisika in 'n verdere groep Natuurwetenskaplike verskynsels en laboratoriumtoerusting optree. Die onderwerpe van hierdie module is: Elektrostatika, biologiese effekte van elektriese potensiaal, elektrokardiograaf. Magnetostatika, die massaspektrometer. Optika, lense, oë, mikroskoop. Elektromagnetiese spektrum, transmissie en absorpsie deur atmosfeer en menslike liggaam. Atoomfisika, elektronmikroskoop. X-strale, lasers, biologiese effekte van straling, skanderingstegnieke, en mediese fisika. Praktika: verdere vaardighede word in die meet, verwerking, en verslaggewing van natuurwetenskaplike prosesse aangeleer.

### **G.13.2.9 FISILOGIE**

#### **FLPX111: INLEIDENDE FISILOGIE VIR FARMASIE EN VERPLEEGKUNDE A**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Die basiese selffunksies: selstruktuur, proteïenaktiwiteit en beweging van molekules oor selmembrane kan beskryf asook homeostatiese meganismes. 'n Grondige kennis hê van sellulêre kommunikasie, sensuïese beheersisteme, sensoriese stelsels en hormonale beheersisteme.

#### **FLPX121: INLEIDENDE FISILOGIE VIR FARMASIE EN VERPLEEGKUNDE B**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Kennis hê van spierfisiologie, kardiiovaskulêre fisiologie, respirasie, water- en elektrolietbalans. Die spysverteringskanaal prosesse en metabolisme kan beskryf. 'n Deeglike kennis van die voortplantingsfisiologie besit. Kennis hê van immunologie asook van HIV en die ontstaan van outo-immune siektes.

#### **FLGX111: INLEIDENDE FISILOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: oor basiese kennis ten opsigte van selstruktuur, die chemiese samestelling van die menslike liggaam, verskillende membraan transportsisteme, homeostatiese beheerstelsels en sellulêre kommunikasie beskik as noodsaaklike onderbou vir verdere studie. Die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van die verskillende fisiologiese stelsels en beheersisteme in die menslike liggaam en die rol van fisiologiese beheerstelsels tydens enkele siektetoestande verstaan.

**FLGX112: INLEIDENDE FISILOGIE VIR B.A. EN B.SC. VERBRUIKERS-  
WETENSKAPPE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: basiese kennis hê van spysvertering, die metabolisme van nutriënte, vrystelling van energie in die liggaam, die handhawing van die water- en elektrolietbalans, handhawing van liggaamstemperatuur en die funksionering van die smaak- en reuksintuie.

**FLGX121: SPIERFISIOLOGIE EN SPYSVERTERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module behoort die leerder fundamentele kennis te demonstreer van die funksionele anatomie van spierweefsel, molekulêre meganisme van kontraksie, energie bronne en die beheer van die kontraksieverslappingsiklus, asook van die anatomie, ontwerp, funksie en beheer (endokriene en hormonaal) van die spysverteringskanaal en geassosieerde organe. Die vermoë demonstreer om oorsake en gevolge van spierafwykings soos Myastenia Gravis, spierdistrofie, rigor mortis, hipertrofie en atrofie, asook afwykings van die spysverteringskanaal te identifiseer en te analiseer. Die leerder behoort in staat te wees om inligting effektief te versamel, te analiseer en aan te bied/kommunikeer in geskrewe en verbale vorm deur van toepaslike tegnieke gebruik te maak.

**FLGX122: INLEIDENDE SPIERFISIOLOGIE VIR B.A.**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: basiese kennis hê van die funksionele anatomie van spierweefsel, meganisme van kontraksie, spieraktiwiteit en energie. Tussen die struktuur en funksionering van skeletspier, hartspier en gladdespier kan onderskei. Basiese kennis hê van die funksionele anatomie van die hart, gebeure tydens die hartslag asook kardiodynamika en die invloed van oefening op die kardiovaskulêre stelsel. Basiese kennis toon van die funksies en organisasie van die respiratoriese stelsel, respiratoriese fisiologie, die beheer van respirasie asook die invloed van ouderdom op die asemhalingstelsel.

**FLGX211: ENDOKRINOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Kennis van die eienskappe en funksionering van hormone en endokriene kliere demonstreer. Insig toon in die chemiese klasse van hormone met voorbeelde en fisiologiese funksies van hormone in elke klas. Hormone as chemiese boodskappers in homeostatische beheermeganismes kan toepas. 'n Grondige kennis toon in die sintese en transport van hormone, hormoon metabolisme, ekskresie, meganisme van hormoonwerking, die beheer van hormoonsekresies en die hipotalamus-hipofise beheersistiem. Die kennis van endokrinologie moet toegepas kan word om endokriene abnormaliteite soos onder andere diabetes mellitus en hipo- of hipertoïedisme te verklaar.

**FLGX212: METABOLISME**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Die rol van Adenosientrifosfaat (ATP), energie bronne en metaboliese tempo kan bespreek. Diagramme en skematiese voorstellings van die belangrikste metaboliese weë kan teken en verduidelik. Oor aspekte van koolhidraat-, lipied- en proteïenmetabolisme kan kommunikeer. Die eienskappe, oorsake en gevolge van metaboliese afwykings soos ketose en aterosklerose kan bespreek.

**FLGX221: NEUROFISIOLOGIE: SENSORIESE EN MOTORIESE FISIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Kennis hê van die organisasie van die senuweestelsel, insluitende neuronstruktuur en -funksie, impulsgeleiding, sinapswerking. Oor grondige kennis van die werking van die sensoriese senuweestelsel insluitende reseptorfunksie, somatiese sensasie (bv. pyn en pynhantering), sintuigfisiologie (bv. oog, oor, smaak en reuk) beskik. Oor grondige kennis van die werking van die motoriese stelsel insluitende die rugmurg, motoriese breinkorteks, serebellum en basale ganglia beskik. Begrip hê van die neuropatologie van die motoriese stelsel bv. spierspasmas, spastisiteit, Parkinsonisme, balans en spierkoördinasie.

**FLGX222: INLEIDENDE KARDIOVASKULÊRE FISIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Wetenskaplike kennis en insig demonstreeer in die meganismes, funksies, fisiese eienskappe en geïntegreerde beheer van die kardiovaskulêre stelsel asook die ontstaan van 'n elektriese impuls en die geleiding oor die hart. 'n Oorsig van die sirkulasie en die mediese fisika van druk, vloeï en weerstand kan gee. Die mikrosirkulasie en die limfatiese sisteem kan bespreek. Die vaskulêre vervormbaarheid en die funksies van die arteriële en veneuse sisteem kan bespreek. Die meganiese verskynsels tydens die kardiaale siklus kan bespreek. Kennis en insig in die geïntegreerde beheer van die kardiaale omset, veneuse terugkeer, bloeddruk en lokale bloedvloeï kan demonstreeer. Wetenskaplike kennis en insig toon van die aard van kardiovaskulêre gesondheidsprobleme en die preventie daarvan.

**FLGX223: FISIOLOGIESE VERDEDIGINGSMEGANISMES**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Insig hê in van die fisiologiese verdedigingsmeganismes wat insluit 'n studie van leukosiete, die monosiet-makrofaag sisteem (retikulo-endotelliale sisteem) en inflammasie. Kennis hê van die rol van die vel as eerste verdedigingslinie in die liggaam. Kennis hê van koagulasie van bloed en die meganismes om bloedverlies te beperk (hemostase) omdat die liggaam se voortbestaan bedreig word deur bloedverlies. Kennis hê van hoe die liggaam vreemde bakterië, via die vorming van antiliggamme deur die B-limfosiete vernietig. Kennis hê van hoe die liggaam kankerselle en virusse kan vernietig deur die vorming van sitotoksiese T-selle (tipe T-limfosiet). Kennis hê van HIV asook van die ontstaan van outo-immune siektes.

**FLGX311: MEMBRAAN- EN ELEKTROFISIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Die basiese meganismes betrokke by informasie oordrag verstaan en dit in verskeie velde kan toepas. 'n Grondige kennis hê van die biofisiese (potensiaalverskille, lading, stroomvloeï) en biochemiese karakter (chemiese samestelling van ionkanale, konformasieveranderinge van kanaalproteïene, ligand-reseptor-interaksies, metaboliese energie betrokke by membraan transportmeganismes) van elektrofisiologie. Oor 'n grondige kennis beskik van die belang van membraan- en elektrofisiologie in die beheer van fisiologiese funksies deur die verandering in membraan deurlaatbaarheid. Die grondbeginsels van elektrofisiologie wat berus op konsentrasieverskille van ione oor die selmembraan en selektiewe deurlaatbaarheid van die selmembraan deeglik verstaan. 'n Grondige kennis hê van die voortgeleiding van aksiepotensiale in die hart en senuweesisteem en hoe modifisering van ionkanale geleiding kan beïnvloed.

**FLGX312: UITSKEIDING EN ELEKTROLIETBALANS**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: In staat te wees om die funksionele eenheid van die nier te bespreek. Kennis hê van die proses van urienvorming en die mikturisie refleks asook van die samestelling van uriene. Kennis hê van die rol van die nier in die handhawing van die suur-basis ewewig (alkalose en asidose) in die liggaam. Die rol van die nier in die handhawing van homeostase in die menslike liggaam. Die bou van die vel en die rol daarvan in die sweetmeganisme en beheer van die liggaamstemperatuur. Kennis hê van die meganismes van hittesteek.

**FLGX313: RESPIRASIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Die rol van die longe in die handhawing van die interne omgewing van individuele selle en die liggaam verstaan. Ventilasië van die longe verstaan waar suurstof na die alveolie beweeg en koolsuurgas as metaboliese afvalprodukt verwyder word. Kennis hê van die uitruil van suurstof en koolsuurgas deur passiewe diffusie in die alveolie asook in die weefsel. Die struktuur van hemoglobien, en die rol van hemoglobien in die transport van suurstof en koolsuurgas in die bloed kan beskryf. Van die kardiiovaskulêre sisteem se rol moet kennis geneem word in die transport van die asemhalingsgasse na en van die weefsel. Kennis hê van hoe beheer van asemhaling plaasvind en hoe siektetoestande die respirasie sisteem beïnvloed. Kennis hê van die long as teikenorgaan vir atmosferiese besoedelingstowwe.

**FLGX321: NEUROFISIOLOGIE: SEREBRALE KORTEKS FUNKSIONERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Oor grondige kennis van die hoër intellektuele funksies van die brein beskik – hieronder val dominante hemisfeer, verbale en nie-verbale intelligensie. Gedrag- en motiveringsmeganismes, breinaktiwiteit en slaap. Die meganismes van die sintese en werking van die verskillende tipes neurotransmitters moet verstaan word om die neuropatologie van onder andere depressie, Tourette sindroom, Alzheimer se siekte, skizofrenie, disleksie, amnesie, voedingsgedrag, alkoholeffekte op geheue en ook epilepsie verstaan. Die struktuur en integrasie van die outonome senuweestelsel met die limbiese stelsel en die rol daarvan in reaksies soos die stresreaksie verstaan. 'n Deeglike kennis van die metabolisme in die brein en die serebrospinale vloeistofstelsel hê, asook die belangrikheid van voeding, skedeltrauma, serebrospinale vloeistofblokkering en funksie op die brein moet kan verduidelik.

**FLGX322: TOEGEPASTE KARDIOVASKULÊRE FISIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Die dominante rol van die nier in die lang termyn beheer van die arteriële bloeddruk kan kommunikeer en verskillende modelle van hipertensie kan uiteenset. Kennis en insig toon in die koronêre sirkulasie en kan toepas in koronêre aandoenings. Die kennis kan toepas in 'n verskeidenheid toepassings soos sirkulatoriese skok, miokardiale infarksie en ander patologiese toestande. Die risikofaktore van kardiiovaskulêre gesondheidsprobleme kan identifiseer.

**FLGX323: OMGEWINGSFISIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Kennis hê van fisiologiese reaksie van die mens op sy omgewing en die fisiologiese effekte van veranderinge in hoogte bo seevlak asook die akklimatisasie op hoë hoogtes en by temperatuur uiterstes. Kennis hê van die werkkapasiteit by hoë hoogtes, O<sub>2</sub> terapie en toksiteit. Die effek van sentrifugale en liniêre versnellingskrigte op die liggaam kan beskryf asook die invloed van langdurige gewigloosheid op die liggaam. Die invloed van stof, sigareetrook, asbes, SO<sub>x</sub>, NO<sub>x</sub>, CO<sub>2</sub> en CO op die kwaliteit van lug kan beskryf. Kennis hê van geraasbesoedeling en vibrasie.

**FLGX324: FISILOGIE VAN VOORTPLANTING, SWANGERSKAP, NAGE-BOORTELIKE AANPASSINGS, PUBERTEIT EN MENOPOUSE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder: Kennis hê van die anatomie van die manlike en vroulike primêre en sekondêre geslagsorgane en die normale en patofisiologiese funksionering daarvan. Die endokriene beheer van die manlike en vroulike geslagsfunksies, insluitende die vroulike geslagsiklus kan beskryf. Die verskeidenheid van funksies van die manlike en vroulike geslagshormone kan bespreek. Kennis hê van die fisiologiese oorsake van manlike en vroulike onvrugbaarheid asook die fisiologiese gevolge van hormonale kontrasepsie. Kennis hê van verskillende geslagsoordraagbare siektes.

**G.13.2.10 GESONDHEIDSBEVORDERING****FMGB111: GESONDHEIDS- EN WELSYNSBEVORDERING VIR FARMASIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om gesondheid intersektoraal te bevorder binne 'n holistiese benadering in 'n multidisiplinêre spanverband en die individu, gesin, groep en gemeenskappe te bemagtig om gesonde lewenstyle aan te kweek en te handhaaf binne die verskeidenheid van kontekste in Suid-Afrika.

**MBGB111: GESONDHEIDSBEVORDERING VIR MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder moet in staat wees om nasionale- en internasionale tendense met betrekking tot gesondheidsbevorderingstrategieë binne die volle spektrum van die mens se lewensiklus te verstaan; spesifieke toepassingsstrategieë soos benodig sal word binne die verskeidenheid van groepe en gemeenskappe in Suid-Afrika te kan formuleer; bewustheid te ontwikkel van siekte- en gesondheidsdeterminante asook toepaslike ingesteldheid en vaardighede wat noodsaaklik is vir gemeenskapsontwikkeling.

**PSGB211: GESONDHEIDSBEVORDERING VIR PSIGO-SOSIALE WETENSKAPPE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die patogene en fortigene paradigmas met betrekking tot gesondheidsbevordering; die Ottawa-manifes, Jakarta-verklaring. Wêreldgesondheidsorganisasies en die nasionale beleid met betrekking tot gesondheidsbevordering; determinante van risikogedrag en basiese beginsels van gedragsmodifikasie, die ontwikkeling van kennis en vaardighede asook samewerking- en netwerkstrategieë met betrekking tot gesondheidsbevordering op gemeenskapsvlak; en die evaluering van gesondheidsbevorderende programme.



**VPGW211: GESONDHEIDSBEVORDERING VIR VERPLEEGKUNDE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om die volgende aspekte te verstaan: Konseptuele raamwerk en teoretiese modelle binne gesondheidsbevordering. Internasionaal en nasionale gebeure met invloed op gesondheidsbevordering. Gesondheidsrisiko's en beskermingsfaktore op individuele-, groeps en gemeenskapsvlak. Samewerkingstrategieë, -meganismes en voorspraak binne multidissiplinêre span en ander rolspelers in die gemeenskap met verwysing na bevordering van gesondheid. Beskikbaarheid van gesondheids- en verwante dienste wat as hulpbronne gebruik kan word. Beleid soos op nasionale vlak uiteengesit met verwysing na gesondheidsbevordering. Wetenskaplike benadering toepas om gesondheidsbevordering te fasiliteer nadat die gemeenskapsprofiel opgestel is. Die rol van gemeenskapsdeelname en gemeenskapsbetrokkenheid binne gesondheidsbevordering. Ontwikkeling van gemeenskapsprojekte. Gedragsverandering en gesondheidsvoorligting. Effektiewe kommunikasie binne kulturele spektrum om gesondheidsbevordering te fasiliteer.

**VWGB311: INLEIDING TOT GESONDHEIDSBEVORDERING VIR VERBRUIKERS- WETENSAPPE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder kennis besit van internasionale en nasionale gesondheidsbevordering met spesifieke verwysing na die verskillende kontekste in Suid-Afrika en tydens die lewensiklus van individue, gesinne, huishoudings, groepe en gemeenskappe. Die leerder sal gesondheid en welsyn intersektoraal binne 'n holistiese benadering, deur die praktyk van spesifieke professies, individueel en/of in 'n multi-dissiplinêre span kan bevorder.

**G.13.2.11 KEUSEMODULES (KEUS311)**

**AFNV311: AFRIKAANS VIR DIE PROFESSIE**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

By voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om: die vermoë te demonstreer om hom grammatikaal en doelmatig mondeling en skriftelik in Afrikaans uit te druk, en om tekste in die toepaslike register en genre te skryf en te hersien in die lig van die aard en behoeftes van die teikengehoor en die vereistes van goeie kommunikasie (soos styl, uitleg, betekenis en samehang).

**Let Wel:** Die teikengroep van hierdie module is eerstetaalprekers van Afrikaans.

**ATSW112: DUMÊLA: PRAKTIESE SETSWANA**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

By voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om die vier basiese taalvaardighede in funksionele Tswanaataalstrukture te kan toepas, naamlik luister, lees, praat en skryf.

**AZOE112: SAWUBONA: PRAKTIESE ZOELOE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

By voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om die vier basiese taalvaardighede in funksionele Zoeloetaalstrukture te kan toepas, naamlik luister, lees, praat en skryf.

**BYBI311: BYBELINTERPRETASIE VIR LEWE EN WETENSKAP**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die spesifieke uitkomst is dat elke leerder: die prinsipiële uitgangspunte met betrekking tot die verstaan van die Bybel kan verwoord en toepas; op grond van die Bybel 'n standpunt op 'n geldige wyse formuleer oor aktuele wetenskaps- en lewensvraagstukke; ten minste die volgende hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel effektief gebruik: die studiebybel *Die Bybel in Praktiek*; en die *Logos-rekenaarprogram*.

**EKNP312: PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder moet in staat wees om: die algemene bruikbare terme in die ekonomie te verstaan en reg te kan interpreteer; op grond van sekere indikatore in die ekonomie die wisselwerking en veral die beweging van die inflasiekoers, rentekoerse, wisselkoerse, belasting en arbeidsklimaat te voorspel; op grond van die voorspelling korrekte handelwyses te bepaal om die betrokke toestand tot voordeel van hom-/haarself en die werksomgewing reg te hanteer; die persoonlike finansies reg te bestuur. Dit sluit in die hantering en beheer van tjekrekenings, kredietkaarte, debietkaarte, verbande op eiendom, huurkope, beleggings waaronder aandele en aandeeltrus, kort- sowel as langtermynversekering en huishoudelike begrotings; en onderling oor die interpretasie en optrede van gebeurlikhede in die ekonomie te debatteer.

**ENSW311: ENGLISH FOR THE PROFESSIONS**

Pk 1 x 3 hour 1 : 1

At the end of this module the learner should be able to: communicate accurately and fluently in English, use English grammatical structures correctly, write English accurately and appropriately, use the appropriate conventions and register of English in a variety of professions.

**Pleas note:** This module has its target group second language speakers of English.

**G.13.2.12 MAATSKAPLIKE WERK**

**MWKG121: DIE AARD VAN KINDGESENTEERDE DIENSLEWERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: 'n fundamentele kennis van kindgesentreerde dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks op die beleidsvoorgeskrewe vlakke van voorkoming, vroeë intervensie, statutêre ingryping en die kontinuum van sorg en ontwikkeling te demonstreer; tersaaklike wetgewing te kan gebruik om oplossings vir goed geformuleerde probleme (in die vorm van scenario's en gevallestudies) te vind en op die voorgeskrewe wyse skriftelik en mondeling (bv. in die vorm van 'n skynhof) verslag daaroor te doen. Aanvullend behoort die leerder deurentyd bewys te lewer van 'n gevestigde waardesisteem en die uitlewing van die professie se etiese waardes.

**MWKG131: MENSLIKE GEDRAG IN DIE MAATSKAPLIKE OMGEWING OOR DIE LEWENSVERLOOP**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens in sy lewensiklus te beskryf en te onderskei tussen die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens en die abnormale/ongesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens.

**MWKG142: DIE GENERIESE BASIS VAN MAATSKAPLIKE WERK A**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die grondslae van maatskaplike werk as wetenskap en profesie rigtinggewend in dienslewering te kan aanwend. Daar word in hierdie verband gefokus op maatskaplike werk as 'n hulpprofesie, die geskiedenis van die profesie, maatskaplike werk en maatskaplike sisteme, die diensleweringstelsel en professionele waardes en etiek.

**MWKG143: DIE TOEPASSING VAN DIE HANDVES OP MENSEREGTE IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die begrip "menseregte" te verduidelik, die miskiening van menseregte te kan erken en bespreek; en 'n toepassing van die menseregte soos in die Handves op Menseregte vervat, in maatskaplike werk te kan maak.

**MWKG152: DIE GENERIESE BASIS VAN MAATSKAPLIKE WERK B**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: begrip van die sentrale hulpproses in maatskaplike werk te demonstreer; te onderskei tussen die probleemgesentreerde en die bemagtigingsbenadering in hulpverlening; begrip te demonstreer vir die sterktes-perspektief as basis vir die bemagtigingsbenadering; die verskillende fases in die hulpproses te onderskei en die aard van elke fase te kan verduidelik, sodat dit as riglyn in hulpverlening aan kliëntsisteme gebruik kan word; die professionele verhouding as basis van die hulpproses te kan beskryf en die verskillende elemente daarvan te kan verduidelik; onderhoudsvoering as een van die instrumente in die hulpproses te kan bespreek en kennis van die basiese tegnieke daarvan kan demonstreer; en etiese aspekte van die verhouding en onderhoudsvoering kan verduidelik.

**MWKG213: MAATSKAPLIKEWERKVAARDIGHEDE A**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: sy/haar kennis en insig van professionele integriteit, selfkennis, waardes en etiek in maatskaplike werk en 'n ontwikkelende sensitiwiteit vir kultuurverskille te openbaar.

**MWKG221: MAATSKAPLIKEWERKVAARDIGHEDE B**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: 'n onderhoud te begin en af te sluit; onderhoudsvoeringsvaardighede in die praktyk aan te wend; die funksionering van 'n praktykorganisasie te verstaan; en verslag oor basiese maatskaplikewerk-handelinge te doen.

**MWKG233: INTERVENSIESTRATEGIEË IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die ekosistemiese perspektief sinvol op die mens-in-die-situasie toe te pas; die implementering van verandering saam met die kliëntsisteme te beplan; jou kennis en insig van die aktivering van hulpbronne, die skep van vennootskappe, die uitbreiding van geleenthede, die evaluering van vordering en terminering te demonstreer; effektief in groepe te funksioneer; kennis van die ekosistemiese perspektief Christelik-eties op die mens situasie te kan toe pas.

**MWKG243: DIE KIND AS KLIËNT IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die onderskeid tussen 'n kind en volwassene as kliënt te tref; deur middel van spel met die kind te kan kommunikeer en 'n instaatstellende omgewing vir die kind te kan skep.

**MWKG251: ARMOEDE- EN MISDAADGESENTEGREERDE DIENSLEWERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: armoede en misdaad as verskynsels te beskryf, te beredeneer en te ontleed in terme van die aard, omvang, oorsake, gevolge en manifestasies daarvan in ontwikkelende en onderontwikkelde samelewings; 'n verskeidenheid van sosio-ekonomiese vraagstukke soos behuisingsnood, werkloosheid, werkskuheid, ongeletterdheid, bedelary, dobbelary, boemelary, prostitusie, kinderarbeid en misdaadverwante vraagstukke in gemeenskappe te identifiseer, te ontleed en te beskryf; dienste, fasiliteite, programme en beleidsmaatreëls wat deur die staat, kerke, NRO's, die sakesektor en die burgerlike samelewing (civil society) daargestel word ter bekamping van armoede en misdaad, te identifiseer, te ontgin en aan te wend deur middel van maatskaplikewerk-dienslewering aan individue, gesinne, groepe en gemeenskappe op voorkomings- en vroeë-intervensievlakke asook die benutting van statutêre hulp vir hierdie doel.

**MWKG261: DIE AARD VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: insig te toon in die noodsaaklike rol wat maatskaplike groepwerk in maatskaplike werk speel; die uitgangspunte in maatskaplike groepwerk nie alleen te identifiseer nie, maar ook te kan demonstree hoe hierdie uitgangspunte in die praktyk toegepas word; insig te toon in die formulering van doelstellings en doelwitte vir individue en groepe en in staat te wees om dit te kan formuleer; die verskillende fases van die horisontale en vertikale benadering van die maatskaplike groepwerkproses te onderskei en tydens hulpverlening in die groep te implementeer; die verskillende administratiewe take tydens hulpverlening te identifiseer en te kan toon hoe dit tot voordeel van die groep en die groeplede toegepas kan word; begrip en insig te demonstree vir die vereistes en noodsaaklikheid vir die benutting van hulpmiddels in maatskaplike groepwerk; suksesvol in groepverband te kan funksioneer en selfs die leiding te kan neem; en eties korrek en vanuit 'n gevestigde waarde sisteem op te tree.

**MWKG262: DIE AARD VAN GEMEENSKAPSWERK EN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: te kan motiveer waarom gemeenskapswerk- en gemeenskapsontwikkelingsdienste vir Suid-Afrika van belang is; die aard en komponente van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling te kan verduidelik; die gemeenskapswerk/ontwikkelingsproses te kan beskryf; en 'n basiese gemeenskapswerk/-ontwikkelingsprogram en -projekte te kan formuleer.

**MWKG312: GEÏNTEGREERDE PRAKTYKINTERVENSIES A**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: 'n terapeutiese onderhoud te begin en af te sluit; die verskillende fases van 'n onderhoud te hanteer; 'n verskeidenheid van terapeutiese

onderhoudsvoeringstegnieke te gebruik; en oordrag, teenoordrag en weerstand tydens 'n onderhoud te identifiseer en te hanteer.

**MWKG321: GEÏNTEGREERDE PRAKTYKINTERVENSIES B**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die funksionering van 'n praktykorganisasie te verstaan; binne die konteks van 'n praktykorganisasie te funksioneer en; basiese maatskaplike dienste op 'n nie-terapeutiese vlak te lewer.

**MWKG322: DIE TOEPASSING VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: kundigheid van maatskaplikewerkhulpverlening in groepverband te kan demonstreer; die beplanning van 'n groepwerkprojek (met inagneming van sekere tipes gedragswyses volgens die beplanningsproses) te kan uitvoer; 'n groepwerkprojek te kan evalueer; praktikum in maatskaplike groepwerk te kan doen en verslae daaroor te kan skryf; en vanuit 'n gevestigde waardesisteem te redeneer.

**MWKG332: GESINSGESENTEERDE INTERVENSIES: VOORKOMING EN BEMAGTIGING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die funksies van die gesin binne Suid-Afrikaanse konteks te verduidelik; die gesin op mikro en makro vlak te analiseer; die gesin in al sy vorme, insluitende rolle en die lewensiklus, te verduidelik; bestaande huweliksvoorbereiding en –verrykingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel; bestaande ouerskapsvaardigheidsprogramme aan die bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel en; bestaande gesinsverrykings- en bemagtigingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel.

**MWKG342: DIE TOEPASSING VAN GEMEENSAPSWERK EN GEMEENSAP-ONTWIKKELING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die aard en inhoud van gemeenskapswerk se praktykmodelle te verstaan en te verduidelik; 'n onderskeid te kan tref tussen maatskaplike gemeenskapsontwikkeling, maatskaplike beplanning, gemeenskapsopvoeding, maatskaplike bemerking en maatskaplike aksie; die tegnieke en hulpmiddels wat vir die toepassing van elk van die modelle nodig is te selekteer en te gebruik; 'n toepaslike program en projekte vir 'n gegewe praktyksituasie te kan beplan; en die program/projekte prakties toe te pas.

**MWKG362: CHEMIESE AFHANKLIKHEIDSGESENTEERDE INTERVENSIES**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: chemiese afhanklikheid as universele probleem binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan omskryf; 'n onderskeid te kan tref tussen substansgebruik en –misbruik; die psigo-sosiale gevolge van chemiese afhanklikheid kan identifiseer; vakkundige dienste kan lewer in terme van voorkoming, vroeë intervensie, behandeling en rehabilitasie; dienste kan lewer aan die naasbestaendes van chemies-afhanklikes; en bestaende dienste en fasiliteite in die gemeenskap kan identifiseer, ontgin en benut in die belang van chemies-afhanklikes en hulle naasbestaendes.

**MWKG363: JEUGGESENTEERDE INTERVENSIES**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: jeugdige op te lei in die ontwikkeling van lewensvaardighede; terapeutiese intervensie ten opsigte van problematiek by jeugdige te lewer en kapasiteitsbouprogramme ten opsigte van jeugdige te ontwikkel.

**MWKG411: FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die verband tussen forensiese en statutêre maatskaplike werk te verduidelik; die ondersoek en assessering van 'n individu te doen en op grond daarvan 'n verslag vir die hof voor te berei; deskundige getuienis aan 'n hof te lewer en 'n professionele mening uit te spreek; en aanbevelings aan hof te maak ingevolge die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (soos gewysig), Die Kinderwet, Wet 74 van 1983, Wet 20 van 1992 en die Egskeidingswet, Wet 24 van 1987.

**MWKG431: PRAKTYKNAVORSING IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing te verstaan; die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, die voorstelling van data, die navorsingsontwerp en prosedures, en die navorsingsverslag, te begryp; en die prosedures van die maatskaplikewerk-navorsing uit te voer.

**MWKG433: PRAKTYKBESTUUR IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: praktykbestuur te definieer; die verantwoordelikhede van die praktykbestuurder te beskryf; die vaardighede waarvoor 'n praktykbestuurder moet beskik te illustreer en toe te pas; die konteks waarbinne praktykbestuur toegepas word, te beskryf en; die aard van die multi-professionele span te definieer en te beskryf; en supervisie as essensiële proses in maatskaplike werk te kan definieer en beskryf.

**MWKG434: GESINSGESENTEERDE INTERVENSIES: TERAPIE EN BERAAD**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: 'n breë raamwerk te gee van die diversiteit waarbinne dienste gelewer word; die terapeutiese proses in huweliks- en gesinsterapie te verduidelik; die etiese vraagstukke en dilemmas wat binne 'n terapeutiese verhouding kan ontstaan, te bespreek; aan te dui hoe die lewensiklus 'n invloed het op die verskillende stadiums van die huwelik; kommunikasieprobleme en konflik as struikelblokke binne die huwelik te identifiseer en te bespreek en ook om die verskillende vorme van effektiewe kommunikasie te kan verduidelik en; egskeidingsberading, hertrouberading en mediasie toe te pas..

**MWKG435: DIVERSITEIT IN PROFESSIONELE PRAKTYK**

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die leerder sal in staat wees om: met selfkennis en 'n openheid teenoor 'n diverse kliëntsisteem op te tree: teoretiese kennis rakende diversiteit in die praktyk toe te pas; kritiese samelewings kwessies soos diskriminasie en die instandhouding daarvan uit te wys en te bevog: etiese beginsels toe te pas en met waardigheid teenoor die totale kliëntsisteem op te tree.

**MWKG441: MAATSKAPLIKE WELSYNSBELEID**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die verskillende komponente van die makro maatskaplikewelsynsbeleid en -struktuur te kan onderskei; dit in die maatskaplikewerk-praktyk tot voordeel van die mens en samelewing te benut en te beïnvloed; kennis en insig te demonstreer oor die aard en konteks van die voormalige en huidige Suid-Afrikaanse welsynsisteem; welsynsbeleid te ontleed en te evalueer; as landsburger en professionele persoon deel te neem aan die plaaslike en nasionale gemeenskap wat veral welsynsaangeleenthede betref; kennis selfstandig te kan verwerf, beheers, toepas, analiseer, integreer en gefundeerd kan evalueer; kennis oor welsynsbeleid wetenskaplik te kan kommunikeer en daaroor te kan lees-, skryf-, praat- en argumenteer; 'n eie denkraamwerk oor welsynsbeleid in Suid-Afrika te verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings; in 'n groep te kan saamwerk en 'n leiersrol te kan vertolk; op 'n kritiese en kreatiewe wyse proleemoplossing aan die hand te kan doen.

**MWKG442: KINDGESENTEERDE INTERVENSIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: 'n verhouding met 'n kind as kliënt op 'n gevorderde vlak op te bou en terapeutiese vaardighede op 'n gevorderde vlak aan te wend.

**MWKG444: GESONDHEIDS- EN AANVERWANTE DIENSLEWERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die verskillende werkterreine van gesondheidsorg en aanverwante dienslewering af te baken; die maatskaplikewerk-proses op die terreine van geneeskundige maatskaplike werk (soos MIV/VIGS, aborsieberaad en sterwens/rousmartbegeleiding) toe te pas, en die toepassing van psigiatriese maatskaplike werk en die maatskaplikewerk-proses op die terrein van gestremdesorg en die hantering van persone met psigiese stremminge te verduidelik.

**MWKG446: BENADERINGS, PERSPEKTIEWE EN TEORIEË IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: die kennisbasis van maatskaplikewerk-praktyk te verduidelik en te verdedig; 'n onderskeid tussen die verskillende benaderings van en vir maatskaplike werk te tref en die waarde van elkeen te assesser; en te motiveer hoe elkeen van die benaderings in maatskaplike werk benut kan word.

**MWKG461: TOEGEPASTE MAATSKAPLIKWERKNAVORSING**

Pk Nvt 100%

Die leerder sal in staat wees om: die vereistes van 'n navorsingswerkstuk te begryp; die inhoud en belangrikheid van 'n hoofstuk een te verstaan; die inhoudelike van 'n navorsingswerkstuk te begryp; die aard van studieleiding te begryp en dit optimaal te benut; die toepaslike literatuur met empiriese data in verband te bring en dit te integreer; en die resultate van die ondersoek skriftelik weer te gee.

**MWKG462:           PROFESSIONELE AFRONDING**

Pk 1 x 2 uur   1 : 1

Die leerder sal in staat wees om: aan die vereistes van die SARMD te voldoen; professioneel-etiese oordeel aan die dag te lê; netwerke op te bou en binne 'n span te kan saamwerk; die visie, missie en werksaamhede van 'n beroepsvereniging, asook die rol van vakbonde en professionele versekering te begryp; die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsproses te hanteer; jou persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu te identifiseer; supervisie sinvol te kan benut; met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu te kan funksioneer; en die kwaliteit van jou professionele mondering tydens 'n mondeling te kan bewys.

**MWKG471:           MINI-INTERNSKAP**

Pk Nvt 100%

Die leerder sal in staat wees om: die algemene praktykvereistes wat deur die Universiteit en die praktykorganisasies gestel word, te verstaan en na te kom; die praktykorganisasie by wie die mini-internskap gedoen word en die gemeenskapskonteks waarbinne dit funksioneer, te leer ken, te verstaan en te benut; die benodigde maatskaplikewerk-dienste aan die individu te kan lewer; die benodigde maatskaplike groepwerkdienste te kan lewer; die benodigde gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkelingsdienste te kan lewer; die benodigde praktykbestuursvaardighede toe te pas; 'n navorsingsvoorstel saam te stel; kommunikasievaardighede te bemeester; insig te toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging; insig te toon in statutêre beleid en take asook toepaslike vorms wat voltooi moet word; en insig te toon in die vereistes ten opsigte van persoonlike ontwikkeling.

**G.13.2.13       MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE****MBWK111:       MOTORIESE LEER**

Pk 1 x 2 uur   1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om toepaslike feitekennis met betrekking tot motoriese aspekte te beheers en kan toepas: definiëring en klassifikasie van beweging/vermoëns; groei en rypingstendense in bewegingsontwikkeling en identifisering van bewegingsagterstande te kan doen; individualiteit van sporttalent en talentidentifisering in sport verstaan.

**MBWK121:       SPORTTRAUMA**

Pk 1 x 2 uur   1 : 1

Na voltooiing van die kursus moet die leerder beseringsrisiko's kan ontleed en voorkomingsmaatreëls kan implimenteer; in staat wees om korrekte hantering/stabilisering van beserings toe te pas; basiese mediese noodsituasies soos oorgebruiksbesering, verstikking, hartstilstand, brandwonde, frakture en skok kan identifiseer en behandel.

**MBWK122:       KINANTROPOMETRIE**

Pk 1 x 2 uur   1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder velvoue, omtrekke, liggaamsmassa, liggaamslengte en deursneemates korrek en volgens die internasionale standaarde kan neem; teoretiese aspekte soos die bepaling van vetpersentasies, somatotipering, basiese anatomie, die metingsfout ens. verstaan en ook in die praktyk kan toepas; in staat wees om liggaamsmetings op pasiënte/sportlui uit te voer, te konsulteer en verslagskrywing hiervan te kan doen.



**MBWK211: KINESIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder toepaslike feitekennis oor neurologiese gebeure tydens leer kan beheers ten einde krities en kreatief probleme binne die sportpraktyk te kan identifiseer en oplos; kennis oor taakanalise en fasilitering van aanleer en uitvoering logies kan kommunikeer en in groepklasse kan toepas ; effektiewe en verantwoordelike selfbestuur kan toepas en selfdoenopdragte oor leermodelle en persepsie in groepsverband kan verantwoord.

**MBWK212: BIOMEGANIKA**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om bewegingswette in sport en oefening te verstaan en biomeganiese ontledings van verskillende bewegings te kan doen.

**MBWK221: SPORT- EN OEFENPSIGOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder teoretiese kennis ten opsigte van verskeie sportpsigologiese vaardighede soos beelding, psigiese energiebestuur, stresbestuur, aandagvaardighede, selfvertroue en doelwitstelling op die basiese vlak deur begeleiding aan sportlui kan toepas. Die leerder moet verder die waarde van psigologiese begeleiding vir persone met verskillende oefeningbehoefes verstaan en kan kommunikeer, en kennis oor psigologiese vaardighede soos motivering, leierskap, sinvolle kommunikasie en doelwitstelling kan toepas binne die spesifieke konteks.

**MBWK222: OEFENFISIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder die energiesisteme en energieverbruik deur die liggaam verstaan; die rol van suurstof en ander liggaamlike ondersteuningsisteme tydens oefening te ontled en die funksionering van die spiere tydens oefening en inoefening begryp.

**MBWK311: BOKINETIKA**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om die konsep van hipokiniese te verstaan; hipokinetiese siektes te kan identifiseer; beginsels van inoefening as terapeutiese modaliteit kan toepas; ontleding van liggaamshouding kan doen en terapeutiese intervensie binne patogene en fortogene konteks te verstaan en te kan toepas.

**MBWK312: TOEGEPASTE OEFENFISIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die module moet die leerder in staat wees om kondisionering, hipertrofie-, krag- en eksplosiewe kragweerstandsprogramme te kan analiseer, evalueer, korrigeer en opstel volgens die wetenskaplike oefeningsbeginsels en riglyne wat in die literatuur weergegee word.

**MBWK313: WETENSAPSLEER VIR MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE EN REKREASIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na suksesvolle voltooiing van die voorgeskrewe module moet die leerder kan demonstreer dat hy/sy: die plek en rol van menslike bewegingskunde/rekreasiekunde as wetenskap verstaan en

dit ook in die groter samehang van wetenskappe verstaan; die nie-bybelse asook die bybels mensbeskouings kan identifiseer en die belangrikste standpunte daarvoor kan beskryf en vanuit 'n eie raamwerk evalueer en verder ook die konsekwensies daarvan vir menslike bewegingskunde en rekreasiekunde ken en verstaan; om te verstaan wat is sport soos gesien vanuit 'n Christelike waarde-oriëntasie en veral die beoefening van sport vanuit hierdie Christelike waarde-oriëntasie te kan beoordeel; om die hele wenmotief vanuit 'n Christelike perspektief te ontleed en te beoordeel; om gesondheid en kwaliteit van lewe en die rol van oefening en beweging daarin te beoordeel vanuit 'n Christelike denkraamwerk.

**MBWK321: ERGOMETRIE EN TOEGEPASTE OEFENFISIOLOGIEPRAKTYK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die kursus moet die leerder aspekte van kinesiologie, oefenфизиologie, biomeganika, biokinetika en motoriese leer in gekontroleerde laboratoriumomstandighede eksperimenteel kan toepas; basiese statistiek se prosedures in die verwerking van resultate kan uitvoer; toepaslike verslae hieroor kan saamstel.

Hierbenewens moet die leerder ook na afloop van die module in staat wees om verskillende tipe weerstandsprogramme te kan toepas en demonstreeer volgens die wetenskaplike oefeningsbeginsel en –riglyne wat in die literatuur weergegee word.

**MBWK322: TOEGEPASTE OEFENKUNDEPRAKTYK**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder kennis demonstreeer oor oefeningsbeginsels, basiese periodiseringsmodelle, spierwerking en fisiologiese aspekte wat van belang is by oefening, soepelheid, weerstandswerk en pliometrie; 'n wetenskaplike evalueringsprotokol kan saamstel en toepas; die resultate van die evalueringsprotokol kan evalueer, interpreteer en daarvolgens basiese wetenskaplik gefundeerde oefenpogamme kan voorskryf.

**MBWK323: NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder moet in staat wees om teoretiese kennis rakende die navorsingsproses te demonstreeer; statistiese konsepte in navorsing verstaan en kan toepas; kennis dra van verskillende tipes navorsing; 'n basiese navorsingsondersoek kan uitvoer en 'n navorsingsverslag daarvoor te kan skryf.

**G.13.2.14 MIKROBIOLOGIE**

**MKBX121 MIKROBIOLOGIE EN PARASITOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur

By voltooiing van hierdie module moet die leerder in staat wees om: prokariotiese en eukariotiese selstruktuur en -funksie te beskryf en vergelyk; 'n oorsig kan gee oor mikrobiiese diversiteit; die beheer van mikroörganismes deur fisiese metodes en chemiese middels te beskryf en toe te pas; mikrobiiese patogenisiteit en epidemiologie te bespreek; spesifieke en nie-spesifieke meganismes van die liggaam se verdediging teen infektiewe siektes oorsigtelik te beskryf; verskillende aspekte rakende infektiewe siektetoestande wat deur die belangrikste bakterieë, fungi, virusse en protosoë en ander geselekteerde parasiete veroorsaak word te bespreek; mikroörganismes mikroskopies te bestudeer en aseptiese tegnieke vir die kweking van mikroörganismes toe te pas.

**MKBX212: VOEDSELMIKROBIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur

By voltooiing van hierdie module moet die leerder in staat wees om: 'n oorsig te gee oor die struktuur, klassifikasie en identifikasie van mikroorganismes, die voedingsbehoefes, groei en afsterwe van mikroorganismes, asook die invloed van abiotiese faktore daarop te bespreek, die oorsprong en omvang van voedselvergiftiging en voedseloorgedragde siektes te bespreek, en die belangrikheid van mikrobiologiese gehalte van voedsel en voedselveiligheid te verduidelik; 'n oorsig te gee oor voedselbederf en die toepassing van fermentasie in voedselpreservering; mikroorganismes mikroskopies te bestudeer en aseptiese tegnieke vir kweking van mikroorganismes toe te pas.

**MKPN221: MIKROBIOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om: prokariotiese en eukariotiese selstruktuur en -funksie te beskryf en vergelyk; verskillende infeksies wat deur die belangrikste bakterieë, fungi en virusse veroorsaak word volledig te bespreek; die bydrae van immunisasie tot die voorkoming en kontrole van infektiewe siektes te verduidelik; die hoofgroepe chemikalieë wat as antimikrobiese middels gebruik word te identifiseer en die aanwending daarvan te beskryf; mikroorganismes mikroskopies te bestudeer en aseptiese tegnieke vir die kweking van mikroorganismes toe te pas.

**G.13.2.15 PLANTKUNDE****BLPN121: MEDISINALE PLANTKUNDE**

Pk 1 x 2 uur

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder: van die morfologie en klassifisering van 'n aantal medisinaal-belangrike plante; insig toon oor die fisiologiese prosesse betrokke by die vorming van aktiewe verbindings wat in plante voorkom en; die potensiaal en bydrae van Suider-Afrikaanse plante tot die farmaseutiese bedryf kan illustreer.

**G.13.2.16 PSIGOLOGIE****PSIG131: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: FISIESE EN KOGNITIEWE PROSESSE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om die biologiese basis van die mens se gedrag te verklaar deur te verwys na die basiese onderbou van die senuweestelsel, asook die verskillende kognitiewe prosesse wat daardeur ondersteun word.

**PSIG151: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: EMOSIONELE EN WILSPROSESSE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om begrip te demonstreer vir die self in verhouding tot die groter samelewingskonteks en die emosionele en motiveringsproesse in 'n kruis-kulturele omgewing te kan identifiseer en beskryf.

**PSIG161: INTERPERSOONLIKE-, SOSIALE- EN GEMEENSKAPPSIGOLOGIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om die teoretiese onderbou en toepassingswaarde in die veld van gedragswetenskappe, met betrekking tot interpersoonlike-, sosiale en gemeenskapspsigologie te identifiseer en beskryf.

**PSIG211: MENSLIKE ONTWIKKELING IN SOSIO-KULTURELE KONTEKS**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om psigologies relevante prosesse en ander belangrike invloede wat 'n konsekwente rol speel in die ontwikkeling van die individu te verduidelik; die basiese kenmerke van gedrag in elke ontwikkelingsfase, asook die invloed van diverse kontekste op gedrag, te beskryf; en te bespreek hoe fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale aspekte van ontwikkeling ingebed is in 'n bepaalde konteks van verhoudings, gesin, gemeenskap, kultuur en omstandighede.

**PSIG241: PERSPEKTIEWE OP MENSWEES A**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om die verskeie perspektiewe op menswees binne 'n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde 'n persoonlike mensbeskouing te formuleer, waarteen menslike- en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

**PSIG251: PSIGOLOGIESE GESONDHEID: MENSLIKE STERKTES EN VEERKRAGTIGHEID**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om die oorsprong, manifestasies en patrone van psigologiese sterktes en veerkrachtigheid uit verskillende teoretiese raamwerke te kan konseptualiseer; die manifestasies daarvan by mense in verskillende lewensfasies (kindertyd, adolesensie, volwassenheid, bejaardheid) in verskillende kontekste (interpersoonlik, kultureel, werk) en op verskillende vlakke (individu, groep) te kan beskryf en in praktyk te kan identifiseer om die biopsigososiale welsyn van individue, groepe en op gemeenskapsvlak te kan fasiliteer.

**PSIG252: INLEIDING TOT HULPVERLENING EN ETIEK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om 'n algemene model en proses van hulpverlening en fasiliterende gespreksvoering te konseptualiseer en te gebruik om ander mense te help om alledaagse lewensprobleme op te los, sowel as om etiese kwessies wat in die hulpverleningsituasie voorkom te kan bespreek.

**PSIG261: LEWENVAARDIGHED**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om lewensvaardighede in individue, groepe, organisasies en gemeenskappe te fasiliteer, ten einde algemene welsyn in sodanige kultureel-diverse konteks te bevorder deur aanbieding van lewensvaardighedsprogramme.

**PSIG311: INLEIDING TOT PSIGOPATOLOGIE**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om met betrekking tot die kinderjare, adolessensie en volwassenheid, risikofaktore te identifiseer wat die vatbaarheid vir psigopatologie verhoog; die verskillende vorme van psigopatologie te identifiseer en te omskryf.

**PSIG323: GESONDHEIDS- EN MIV VOORLIGTING**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om die biopsigososiale perspektief op fisieke gesondheid en – siekte, asook teorieë van gesondheidsvoorligting, te beskryf; gesondheids- en siektegedrag te evalueer; basiese psigologiese intervensies binne die mediese konteks te doen; asook programme wat siekterisiko's uitkakel en gesondheid bevorder, toepaslik vir die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied.

**PSIG342: PERSPEKTIEWE OP MENSWEES B**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om verdere en nuwer perspektiewe op menswees binne 'n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde 'n persoonlike mensbeskouing te formuleer, waarteen menslike en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

**PSIG353: KRISISINTERVENSIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om die algemene aard en dinamiek van verskillende tipes krisissituasies (soos dreigende selfmoord, aanranding, traumatiese verliese, ens.), sowel as die tipiese reaksies van persone daarop te kan beskryf, en teen die agtergrond van teoretiese modelle en spesifieke evalueringstelsels, kultuursensitiewe, eties-verantwoorde intervensies en kritiese-insident-stresontlontings te kan toepas, met bewustheid van die langtermyn effek van hierdie werk op die hulpverlener, en wyses om die impak daarvan te hanteer.

**PSIG363 MENSLIKE DIVERSITEIT**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om vanuit 'n eko-sistemiese model, die nodige kennis, vaardighede en houdings te demonstreer om in 'n kultureel-diverse samelewingsomgewing as hulpverlener / voorligter die biopsigososiale welsyn van individue en groepe te bevorder.

**G.13.2.17 REKREASIEKUNDE**

**RKKX111: BUITELUGREKREASIE**

PK 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om kennis rakende die volgende aspekte te kan demonstreer: die waarde van buitlug ervarings; die rol wat 'n buitlugleier moet vertolk om leer te stimuleer; die motivering vir positiewe respons ten opsigte van die omgewing; die rol wat die leier moet vertolk om jeugbetrokkenheid in hul natuurlike omgewing te stimuleer; volgehoue gebruik van die natuurlike omgewing.

**RKKX121: GEMEENSKAPSREKREASIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om kennis te demonstreer rakende die rol van rekreasie binne die hedendaagse samelewing; rekreasiestrukture binne die RSA te verduidelik; kennis te demonstreer rakende die status van rekreasie-voorsiening binne die RSA; belangegroep te identifiseer wat verband hou met die voorsiening van rekreasiedienste; sosiale, psigologiese, fisieke en omgewings voordele van rekreasiedeename te verduidelik; riglyne te identifiseer en te verduidelik wat verband hou met toekomstige voorsiening van rekreasiedienste

**RKKX122: SPORT- EN REKREASIEBESTUUR**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om feitekennis rakende bestuursontwikkeling te demonstreer; feitekennis rondom die ontwikkeling van organisasie strukture toe te pas; doelwitbestuur tydens die bestuur van 'n rekreasie organisasie te implimenteer; 'n finansiële bestuurstelsel te ontwikkel vir 'n rekreasie departement of organisasie; bestuurskommunikasievaardighede prakties en teoreties toe te pas.

**RKKX211: AVONTUURLEIERSKAP**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om feitekennis rakende die ontwikkeling van avontuurleierskap teoreties weer te gee; die waarde van effektiewe leierskap te motiveer; die volgende tegniese vaardighede te demonstreer en teoreties te verantwoord: kano, abseil, rotsklim, voetslaan, kampering en oriëntering; veiligheidsvaardighede vir bogenoemde aktiwiteite prakties te demonstreer sowel as teoreties te verantwoord; kennis rakende omgewingsvaardighede te demonstreer en teoreties te verantwoord.

**RKKX221: VRYETYDSPROGRAMMERING**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om kennis rakende die beplanning, ontwerp en implementering van rekreasie en avontuurprogramme vir geselekteerde teikengroepe te demonstreer.

**RKKX311: AVONTUURPROGRAMMERING EN -FASILITERING**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om kennis oor die ervaringsgeleentheid en die ervaringsparadigma te demonstreer; faktore te identifiseer wat 'n invloed het op die doeltreffende funksionering van groepe; kennis te demonstreer rakende die proses van fasilitering binne avontuurprogrammering en ervaringsleer; toepaslike fasiliteringstegnieke te bemeester en toe te pas; relevante metodes vir programevaluering te selekteer, toe te pas en te interpreteer.

**RKKX312: META AVONTUURVAARDIGHEDE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om 'n oordeel te vel na gelang van vorige ervarings in avontuurvaardighede; probleme sistematies op te los; besluitneming wetenskaplik uit te voer; noodmaatriëls toe te pas; 'n avontuurprogram aan te bied.

**RKKX321: AVONTUURPROGRAMBESTUUR**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie kursus moet die leerder in staat wees om avontuurprogram administrasievaardighede teoreties toe te pas; die gepaste leierskapstyl te teoretiseer en te demonstreer tydens 'n avontuurtog sowel as tydens die eksamen; risikobestuursbeginsels teoreties te verantwoord en prakties toe te pas; kommunikasieteorieë te verantwoord en tydens 'n avontuurprogram toe te pas; reddingspogings prakties te kan uitvoer.

**RKKX322: VRYETYDSDINAMIKA**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die behoeftes vir spanontwikkeling te identifiseer, 'n program saam te stel om in die behoeftes van die span te voorsien en die ervaring so te fasiliteer dat ontwikkeling in die span plaasvind. Die leerder moet ook in staat wees om die leierskapprofiel van deelnemers te bepaal en 'n program aan die hand van die individuele profiele te ontwerp en implementeer.

**G.13.2.18 SPORTKUNDE**

**MBXK111: SPORTKUNDE (ATLETIEK EN GIMNASTIEK)**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder in staat wees om kennis van sportwetenskaplike komponente prakties kan toepas in *atletiek en gimnastiek*; sportonderrig en afprogram op basiese vlak kan demonstreer; vakspesifieke konsepte van biomeganika, oefenфизиologie, motoriese leer en psigologie op die afprogram van individuele- en spanaktiwiteite kan toepas.

**MBXK112: SPORTKUNDE (SWEM EN TENNIS)**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder kennis van sportwetenskaplike komponente prakties kan toepas in *swem, en tennis*; sportonderrig en afprogram op basiese vlak kan demonstreer; vakspesifieke konsepte van biomeganika, oefenфизиologie, motoriese leer en psigologie op die afprogram van individuele- en spanaktiwiteite kan toepas.

**MBXK121: SPORTKUNDE (HOKKIE EN RUGBY)**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder kennis van sportwetenskaplike komponente prakties kan toepas in *hokkie en rugby*; sportonderrig en afprogram op basiese vlak kan demonstreer; vakspesifieke konsepte van biomeganika, oefenфизиologie, motoriese leer en psigologie op die afprogram van individuele- en spanaktiwiteite kan toepas.

**MBXK122: SPORTKUNDE (KRIEKET EN NETBAL)**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na afloop van die kursus moet die leerder kennis van sportwetenskaplike komponente prakties kan toepas in *krieket en netbal*; sportonderrig en afprogram op basiese vlak kan demonstreer; vakspesifieke konsepte van biomeganika, oefenфизиologie, motoriese leer en psigologie op die afprogram van individuele- en spanaktiwiteite kan toepas.

### **G.13.2.19 STATISTIEK**

#### **STTK111: BESKRYWENDE STATISTIEK**

Pk 1 x 2 uur

Hierdie module bied die leerder die geleentheid om 'n goeie algemene agtergrond omtrent die basiese statistiese beginsels en metodes, sowel as basiese praktiese vaardighede op te bou, om sodoende eenvoudige data-hanterings- en data-voorstellingsmetodes te hanteer en sin uit data te maak. Die kursus word telematies op 'n nie-wiskundige vlak, met behulp van 'n rekenaarpakket en uitgebreide studiegids aangebied. Die leerder sal basiese grondbegrippe van statistiek verstaan, eenvoudige vraelyste kan opstel en hanteer, data kan opsom, grafiese voorstellings en eenvoudige berekeninge rakende lokaliteit, spreiding en korrelasie kan doen, eenvoudige waarskynlikheidsberekeninge rondom die normaal verdelings kan uitwerk en interpreteer, en eenvoudige eksperimentele ontwerp kan toepas. Reguitlyne sal aangepas kan word deur datapunte en passingskriteria soos residue-inspektering sal gedoen kan word.

### **G.13.2.20 VERBRUIKERSWETENSKAPPE**

#### **VGHB115: ONTWERPSTUDIE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om 'n goeie ontwerp te kan identifiseer en interpreteer met begrip van die basiese elemente en beginsels van ontwerp. Die leerder sal ook in staat wees om kleurontleding volgens kleurteorie en kleurwaardering uit te voer, asook die ander elemente en beginsels van ontwerp prakties te kan toepas in interieur-, klerekas en maaltydbeplanning.

#### **VGHB121: GESINSTUDIE EN -HULPBRONBESTUUR**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om verskillende tipes gesinne te identifiseer en te beskryf, asook insig hê in die funksionering van die gesin in ons huidige samelewing. Die leerder sal ook in staat wees om verskillende benaderings tot Gesinstudie soos die ekosisteem-, sisteem en ontwikkelingsbenadering te kan verduidelik en toe te pas. Veranderde geslagsrolle en ontwikkelingstake met spesifieke klem op die rol van die vrou sal aandag geniet.

Die leerder sal ook in staat wees om die belang van hulpbronbestuur te beskryf en kennis en insig hê in hoe doeltreffende hulpbronbestuur die lewenskwaliteit van verbruikers kan verbeter. Die leerder sal ook hulpbronbestuursprobleme waarmee die verbruiker te kampe het kan omskryf en die verbruiker kan help probleme op te los. Kennis van die verskillende komponente van werk en die menslike koste van werk sal die leerder in staat stel om riglyne daar te stel wat individue en verbruikers sal help om optimaal in die werksituasie te kan funksioneer deur die toepassing van basiese ergonomiese beginsels. Die leerder sal ook kennis hê van verskillende aspekte van finansiële bestuur vir die verbruiker en dit prakties as verbruikersvoorligting kan toepas.

#### **VGHB214: VERBRUIKERSAANKOOPPRAKTYK**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder 'n grondige kennis hê aangaande die wyse waarop doeltreffende aankoopbesluite ten opsigte van meubels, huishoudelike apparaat en toerusting geneem moet word. Die leerder sal in staat wees om materiale en afwerkings krities te evalueer en aan verbruikers riglyne ten opsigte van die werking, konstruksie, versorging en aankope van 'n verskeidenheid huishoudelike meubels en apparaat te kan verskaf.



**VGHB322: BINNEONTWERP**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om kennis en insig te toon in die relevante binneontwerp-teorie en dit kan toepas in die beplanning en inrig van woonruimtes. Die leerder sal ook in staat wees om woonruimtes te evalueer en remedieer van die hand van teoretiese beginsels asook praktiese aanbevelings te kan maak ter verbetering van die ruimtes. Hierdie module bied die leerder ook die geleentheid om 'n algemene agtergrond op te bou rakende die beplanning en uitleg van winkelruimtes in die kleinhandelsektor. Verskeie visuele voorleggingstegnieke sal aandag geniet en die leerder sal in staat wees om hierdie tegnieke prakties te kan uitvoer.

**VGHB351: BEHUISING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om behuising as 'n studieveld te definieer en verbruikers se behuisingsbehoeftes binne 'n Suid-Afrikaanse konteks te omskryf. Die leerder sal in staat wees om die funksies van behuising te identifiseer en verskillende tipes behuising krities kan evalueer. Finansiële aspekte rakende die verbruiker se behuisingsvoorsiening sal aandag geniet en die leerder sal in staat wees om verbruikers te adviseer rakende hul behuisingsbesluitneming ten einde geskikte behuising te bekom wat die verbruiker se lewenskwaliteit verbeter.

**VKLE111: INLEIDING TOT DIE MODEBEDRYF**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n fundamentele kennis rakende die Suid-Afrikaanse kleding- en tekstielindustrie te hê, die verspreidingskanale kan toepas op gegewe modeprodukte, die rol van die verbruikerswetenskaplike binne die modebedryf kan verduidelik, die Suid-Afrikaanse kleinhandelstruktuur kan verduidelik, insig hê in die ontstaan en ontwikkeling van mode, die belang van effektiewe handelswarevoorstellings kan verduidelik en faktore wat verbruikersaanvaarding van mode beïnvloed te analiseer. Verder ook kennis te hê aangaande die Suid-Afrikaanse kleinhandel- en tekstielindustrie, asook die modekleinhandel se samestelling kan analiseer. Modeterme moet korrek weergegee word. Verbruikersgroepe moet geklassifiseer kan word en die leerder moet verskillende faktore wat verbruikersaanvaarding van mode kan beïnvloed, kan weergee.

**VKLE123: MODEGESKIEDENIS**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder moet na voltooiing van hierdie module fundamentele kennis aangaande argitektoniese-, meubel/interieur- en klerestyle hê, deur dit te herken en in die regte terme te beskryf; hierdie kennis kan toepas deur mense met navrae te kan adviseer; insig hê in die faktore wat hierdie style laat ontstaan en ontwikkel het; 'n waardering verkry vir die kulturele erfenis soos deur die studiemodule gedek word; vanuit 'n Christelike perspektief, kleremodes, interieur- en modestyle kan evalueer; en naslaanwerk in die biblioteek en op die internet kan raadpleeg en die toepaslike inligting in 'n literatuuropdrag te kan integreer en literatuurverwysings korrek kan toepas.

**VKLE211: TEKSTIELKUNDE**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder 'n grondige kennis aangaande tekstielvesels, garings, tekstielstofkonstruksies en afwerkings hê. Kennis oor alle aspekte van tekstiele kan

toepas in die evaluering van die korrekte keuse, gebruik en versorging van tekstiele, weet watter waarde die gebruik van tekstiele het, 'n wetenskaplike navorsingsgedrewe benadering en kritiese ingesteldheid teenoor die keuse en gebruik van tekstiele besit, vaardighede hê ten opsigte van die gebruik van apparaat en tegnieke om tekstiele te evalueer en te beoordeel; verskillende vorme van tegnologie kan gebruik om kennis aangaande tekstiele effektief aan die verbruiker te kan kommunikeer.

**VKLE321: MODEBEDRYF**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module behoort die leerder volronde kennis te hê aangaande: die beginsels van modevoorspelling te kan analiseer en verduidelik; effektief modevoorspelling vir verskillende tipes verbruikersgroepe en kleinhandelsorganisasies kan doen, die globale aard van mode kan verduidelik, nasionale en internasionale ontwerpers se werk kan evalueer op grond van geskiktheid vir die Suid-Afrikaanse mark, asook kleinhandelbestuur in enige kleinhandelsomgewing kan toepas, die beginsels van mode produkontwikkeling kan toepas, die vervaardigingsproses binne die produksielyn van mode-items kan verduidelik en die rol van die verbruikerswetenskaplike binne hierdie komponente van die modebedryf kan analiseer.

Na voltooiing van die module behoort die leerder voldoende kennis te kan toon in die kledinggedrag van individue en groepe vanuit 'n kognitiewe en simbolies interaksionele raamwerk; die invloed wat kultuur op kleding en die individu het, te kan bespreek en met voorbeelde demonstreer; 'n kritiese ingesteldheid jeens sosiaal-sielkundige aspekte van kleding vanuit 'n Christelike waarde-oriëntasie kan demonstreer.

**VHTB311: GASVRYHEIDSBESTUUR: VOEDSEL EN DRANK EN VOEDSELDIENSBESTUUR**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder kennis, waardes en vaardighede kan demonstreer ten opsigte van: die identifisering en evaluering van die nuutste neigings in die gasvryheidsbedryf; basiese riglyne ten opsigte van dienshiërargie; produksie/bereiding en bediening van alkoholiese en nie-alkoholiese drank; beginsels van klassieke en moderne voedselbereiding, bedieningstegnieke en metodes van tafeldekk asook die beplanning en evaluering van spyskaarte volgens voedselgebaseerde dieetriglyne met inagneming van tradisionele eetgewoontes van verskillende religieuse en bevolkingsgroepe wat in die Suid-Afrikaanse Toerismebedryf verteenwoordig word; berekening van bedryfskoste, produksiehoeveelhede en koste van voedselitems; beskrywing en toepassing van aankoopprosedures, produkkeuse, ontvangs, berging en voorraadbeheer; interpretering van veilige voedselhantering, werknemersgesondheid en higiëne; veiligheid in die werksomgewing; beplanning en bestuur van 'n onderneming in die gasvryheidsbedryf.

**VNPV121: VERBRUIKERSNAVORSING EN PROJEKVOORLEGGING**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om projekvoorleggings te lewer deur ondersoek in te stel na die belangrikheid van die kommunikasieproses wat aan die hand van verskillende kommunikasie Modelle bestudeer sal word. Ondersoek na die komponente van die voorlegging vir verskillende teikengroepe word ingestel, deur navorsing, tegnologie, hulpmiddels, behoeftebepaling en 'n gapaste aanbiedingswyse toe te pas om 'n suksesvolle voorlegging te lewer. Deurgaans sal die leerder in die toepassing van beginsels ondertel word. Die leerder word die geleentheid gegee om deur middel van praktiese voordragte, radiopraatjies en lesingdemonstrasies 'n professionele voordrag te beplan deur die beginsels van goeie kommunikasie en volwasse onderrig toe te pas. Verder word die leerder bewus gemaak van die verbruikersnavorsingsproses wat toegepas word om verbruikersgedrag te bepaal. Dit sluit

in aspekte soos probleemstelling- en doelwitformulering steekproefbepaling, data insameling en verwerkingstegnieke en verslaggewing deur die gebruik van verwysings.

**VVBG113: VERBRUIKERSGEDRAG**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om algemene verbruikersgedrag te bespreek, en die faktore wat verbruikersgedrag beïnvloed te verduidelik en die belang van doeltreffende verbruikersbesluitneming kan omskryf. Die leerder sal ook kennis dra van verskillende instansies wat betrokke is by verbruikersbeskerming en verbruikerswese in Suid-Afrika. Die leerder sal vaardighede ontwikkel wat hom/haar in staat sal stel om verbruikersvoorligting prakties te doen en verbruikerswese in Suid-Afrika te bevorder.

**VVDL111: ALGEMENE INLEIDENDE VOEDSEL**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n fundamentele kennis te hê aangaande voedselsanitasie, -regulasies, -etikettering, -sekuriteit, kulturele eetpatrone, moderne cuisine, verbruikerswetenskaplike rol in voedsel, moderne voedselkwessies, wetenskaplike meting en weeg.

**VVDL122: PLANTAARDIGE VOEDSELGROEPE EN -SISTEME**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n fundamentele kennis te hê aangaande voedselsisteme met betrekking tot grane en peule, vrugte en groente, vette en olies, suiker, samestelling, verwerking en voorbereiding, toepassing, prosesse tydens gaarmaak.

**VVDL212: DIERLIKE VOEDSELGROEPE EN -SISTEME**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder grondige kennis te hê aangaande voedselsisteme met betrekking tot vleis, byvoorbeeld pluimvee, vis en rooivleis, eiers, suiwel, gebakte produkte met reismiddel, samestelling, verwerking en voorbereiding, toepassing, prosesse tydens gaarmaak.

**VVDL223: VERBRUIKERSGERIGTE VOEDSEL**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder grondige kennis te hê aangaande preservering, voedselvervangers, -opberging, GMO, funksionele voedsel, geriefsvoedsel, additiewe en bymiddels.

**VVDL314: VOEDSELBEMARKING EN -KLEINHANDEL**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder volronde kennis te hê aangaande voedselverpakking, -besluitneming, promosie, nuwe verkoopsomgewing en voedselfokus-groepe, verbruikerskommunikasie en bemarkingsvloei, planogramme, verspreidingskanale, kleinhandelbestuur en funksionering, winkelraketikette, kleinhandel voedselverliese en visuele handel.

**VVDL323: NUWE VOEDSELPRODUKONTWIKKELING**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder volronde kennis te hê aangaande sensoriese evaluering, reseptontwikkeling, navorsingsmetodes en produkontwikkeling.

**G.13.2.21 VERPLEEGKUNDE**

**VPBB421: GESONDHEIDSDIENSBESTUURVAARDIGHEDE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om beginsels van gesondheidsdiensbestuur en finansiële leierskap en gehalteversekering toe te pas in die bestuur van 'n verpleeg- of omvattende primêre gesondheidsdienseenheid. Die leerder sal ook kan deelneem aan die samestelling, opleiding, onderrig en aanwending van menslike hulpbronne ten einde in die gesondheidsorg van die gemeenskap te voorsien.

**VPBP471: GESONDHEIDSDIENSBESTUURPRAKTYK**

Prakties 1 : 1

Na blootstelling aan die beplande leerervaringe in die verpleegkundepraktyk wat betrekking het op gesondheidsdiensbestuur sal die leerder in staat wees om 'n gesondheidsdiens in hospitaal of in die gemeenskap te beplan, te organiseer en te oudit. Hy/sy sal in staat wees tot professioneel-etiese besluitneming en om as professionele praktisyn binne die wetlik-etiese raamwerk te funksioneer asook om 'n verpleegnavorsingsprojek uit te voer.

**VPEK311: INLEIDENDE EN KLINIESE PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal na voltooiing van die module in staat wees om 'n breë konseptuele en teoretiese raamwerk ten opsigte van die Psigiatriese Verpleegkunde te toon asook kennis van algemene akute psigiatriese ongesteldhede te demonstreer, sodat dit die vertrekpunt vorm waarvolgens die leerder die bevordering, instandhouding en herstel van sy of haar eie geestesgesondheid sowel as die van die pasiënt fasiliteer.

**VPEP471: PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE PRAKTYK**

Prakties 1 : 1

Na blootstelling aan die beplande leerervaringe in die module van Psigiatriese Verpleegkunde Praktiek sal die leerder in staat wees om omvattende psigiatriese verpleging toe te pas vir die geestesongestelde en geestesvertraagde individu en groepe in die hospitaal. Die leerder sal ook in staat wees om omvattende psigiatriese verpleging toe te pas op die individu, gesin en groepe in die gemeenskap op 'n professionele en kultuursensitiewe wyse om geestesgesondheid te bevorder, in stand te hou en te herstel.

**VPER421: PSIGIATRIESE VERPLEEGPRAKTYKVOERING**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal na voltooiing van die module in staat wees om op 'n kultuursensitiewe wyse omvattende psigiatriese verpleging aan die individu, gesin, groep en gemeenskap te lewer, sowel as om persoonlike integrasie ten opsigte van 'n professionele rol in Psigiatriese Verpleegkunde te toon vir die bevordering, instandhouding en herstel van geestesgesondheid.

**VPEV321: PSIGIATRIESE VAARDIGHEDE EN METODEDES**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal na voltooiing in staat wees om 'n breë konseptuele en teoretiese raamwerk van die Psigiatriese Verpleegpraktyk te internaliseer. Die leerder sal die terapeutiese gebruikmaking van die self kan toepas deur die gebruikmaking van Psigiatriese Verpleegvaardighede en -metodes asook sy/haar rol en funksie in die geestesgesondheidspan kan identifiseer ten einde heelheid by hom-/haarself en die pasiënt te bevorder, in stand te hou en te herstel.

**VPFB121: BASIESE BEHOEFTE EN PROFESSIONELE VAARDIGHEDE**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om gesondheid te bevorder, in stand te hou en te herstel deur in die basiese behoeftes van pasiënte binne die gemeenskap en in hospitale te voorsien en om beginsels van professionele praktykvoering soos wetlike, etiese en filosofiese beginsels in die verpleegpraktyk toe te pas.

**VPFI111: INLEIDING TOT FUNDAMENTELE VERPLEEGKUNDE**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om fasiliterende en belemmerende faktore vir heelheid by die mens as heelheidwese in alle ouderdomsgroepe en kulture te identifiseer; om die wetenskaplike metode van verpleging toe te pas en tegnologie en intra- en interpersoonlike vaardighede effektief aan te wend om in die basiese behoeftes van pasiënte te voorsien binne 'n wetlike, etiese en filosofiese raamwerk.

**VPFP171: FUNDAMENTELE VERPLEEGPRAKTYK**

Prakties 1 : 1

Nadat die leerder blootstelling aan die leerervaring gehad het wat beplan is vir Fundamentele Verpleegpraktyk, sal die leerder in staat wees om hoë kwaliteit kultuursensitiewe verpleging te lewer. Die leerder sal dus in staat wees om die gesondheid van die pasiënt in die hospitaal/gemeenskap te bevorder, instand te hou en te herstel asook om die pasiënt te beraam m.b.t. sy/haar basiese behoeftes, verpleging te beplan, te implementeer en die effektiwiteit daarvan te evalueer binne 'n wetlike, etiese en filosofiese raamwerk.

**VPGI111: INLEIDING TOT GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om konsepte van Gemeenskapsverpleegkunde uit te klaar binne die nasionale en internasionale ontwikkeling van omvattende gemeenskapsgesondheid met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks van verskeidenheid om binne spanverband kwaliteit diens volgens die Batho Pele beginsels te lewer aan die individu, gesin en groepe binne die gemeenskap ten einde gesondheid te bevorder, in stand te hou en te herstel.

**VPGO221: OMVATTENDE PRIMÊRE GESONDHEIDSORG**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om binne 'n kulturele en etiese raamwerk as 'n volwaardige lid van die multidissiplinêre span te funksioneer in die lewering van omvattende primêre gesondheidsdienste gedurende die hele lewensverloop van individue, gesinne, groepe en gemeenskappe binne 'n wetlike, etiese en filosofiese raamwerk. Hierdie

vaardigheid behels beplanning en bestuur van 'n omvattende primêre gesondheidsorganisasiediens; identifisering van gesondheidsdeterminante wat fasiliterende en belemmerende moontlikhede aandui; en deelname aan gesondheidsprogramevaluering volgens gestelde indikatore en kriteria ten einde gehalte sorg te verseker in die bevordering, instandhouding en herstel van gesondheid van individue, groepe en gemeenskap.

**VPGP171: GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE PRAKTYK**

Pk Prakties 1 : 1

Na voltooiing van die praktikageleenthede sal die leerder in staat wees om binne multidissiplinêre spanverband die beginsels van die wetenskaplike verpleegproses toe te pas, gesondheidsvoortligting effektief te fasiliteer en te onderskei tussen die verskillende dienste wat vereis word om 'n omvattende gemeenskapsdiens te lewer wat kultuur kongruent is en die Batho Pele beginsels weerspieël binne 'n wetlike, etiese en filosofiese raamwerk. Hierdie kennis word opgedoen binne die dinamika van veranderinge in die gemeenskap as gevolg van verskeie invloede op gesondheid soos etiese kwessies, kultuurverskille, ekonomiese invloede en politieke prosesse.

**VPGP271: GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE PRAKTYK**

Pk Prakties 1 : 1

Na voltooiing van die praktika geleenthede sal die leerder in staat wees om binne 'n omvattende primêre gesondheidsorgdiens te funksioneer waarbinne al die komponente van so 'n diens aangespreek word volgens die nasionale beleid. Daar sal geleentheid wees tot deelname aan gemeenskapsberaming om gesondheid te bevorder deur 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek.

**VPGP372: GEMEENSKAPS- EN PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE PRAKTYK**

Pk Prakties 1 : 1

Na voltooiing van die praktika geleenthede sal die leerder in staat wees om binne 'n primêre gesondheidsorgdiens te funksioneer as volwaardige lid van die multidissiplinêre span, invloede wat 'n fasiliterende sowel as belemmerende uitwerking op welstand van mense van alle ouderdomme in die platteland sowel as binne stedelike gebiede het, te fasiliteer. Die leerder sal ook die geleentheid kry vir blootstelling aan geestesgesondheidsdienste en sal ook psigiatriese vaardighede kan toepas ten einde 'n pasiënt se geestesgesondheidsbehoefes te beraam en 'n ondersteunende onderhoud met 'n pasiënt te voer en geestesgesondheid in die gemeenskap te bevorder, in stand te hou en te herstel.

**VPGR111: GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE PROSESSE**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om fasiliterende en belemmerende faktore betrokke by individue, gesinne, groepe en gemeenskappe op wetenskaplike wyse te beraam en intervensies te beplan deur gebruik te maak van verskeie prosesse binne Gemeenskapsverpleegkunde om op gemeenskapsvlak intersektoraal gesondheid te bevorder, in stand te hou en te herstel binne 'n wetlike, etiese en filosofiese raamwerk.

**VPGR211: INLEIDING TOT PRIMÊRE GESONDHEIDSORG**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om 'n bewustheid te openbaar en betrokke te wees by die lewering van gesondheidsdienste met die fokus op die primêre gesondheidsorg benadering van alle inwoners op plattelandse sowel as in stedelike gebiede,

